



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 6 Februarie 2022

Vanoggend

'n Mens kan nooit té gerus wees as jy in God se teenwoordigheid in die kerk kom sit nie. Dit het Simon daardie dag agtergekom. Want toe hy hom kom kry, sit Jesus binne-in sy skuit! Al wat hy wou doen, was om sy nette skoon te kry en huis toe te gaan, maar toe hy weer sien, roei hy met Jesus in sy skuit 'n entjie die see in sodat Jesus sy skuit kan gebruik as 'n preekstoel.



Ons Program

Vandag 6 Februarie

- **Erediens** om 9:30 en Ons Woning om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Belydenisaflegging:** San-Marie Groenewald, Marina van der Watt en Louis van der Westhuizen lê vanoggend belydenis van geloof af. Mag dit vir julle en julle mense 'n geseënde geleentheid wees!
- **Sondagskool**
- **Deuroffer:** Engo, Kinder-en Jeugsorgsentrum
- **Vrouebediening** Dankbaarheidsbotteltjies ingee
- **Verversings:** Almal is welkom om iets te drink en te ete te kom geniet na die erediens.

Dinsdag 8 Februarie

- **Kerkraadsvergadering** om 18:00 in die kerk

Sondag 13 Februarie

- **Informele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool en katecese**
- **Deuroffer:** CLF

Ons Bybellees-program

- Ons is tans besig met die boek **Rigters**. Dit is die verhaal van die uiters onstuimige (en dikwels ontstellende) tyd in Israel toe elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë.
- As jy daagliks die kort oordenking wat ds Jaco oor die betrokke hoofstuk uitstuur, per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmien gerus.



Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom ook hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie

- 6 Roleen Kotzee
- 7 Marina van der Watt
- 10 Marié Strauss



11 Francois van der Berg

Huweliksherdenking

Februarie

10 Attie & Ina Van Jaarsveld (43j) & Danie & Min Venter (42j)

Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal, nou uit Hoërsorg.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Anna Klok – komplikasies ná prosedure in hospitaal.

Vrouebediening

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier) Mev. Sorina Stander

8 Feb Kerkraadsvergadering 18:00 – Verversings

16 Feb Kerkraads vroue-vergadering 14:30

4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue

6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief

16 Mrt Bestuursvergadering (Besprek basaar)

17 Mrt Skole sluit

Vir alle dames: Nuus van die Vrouebediening-bestuur

Ons sluit die 6de Maart (DV), by die laaste Nagmaal van die kwartaal, weer 'n nuusbrief by die afkondigings in. Daar is egter enkele belangrike sake in aansluiting by die program van die Vrouebediening wat nie tot dan kan wag nie.

1. Verversings by eredienste word van 6 Februarie af deur die bestuur hanteer. Dit sal eenvoudiger eetgoed wees, maar dit sal die doel bereik dat ons 'n bietjie gesellig saam kan verkeer – buite, as dit nie te warm is nie, en ietsie het om by ons koppie tee te geniet. Doen asb moeite om 'n oomblikkie agter te bly, indien enigsins moontlik. Báie baie dankie aan Wyke 3, Modderrivier en 4 wat reeds beurte geneem het in 2022. Ons sal wel nog by spesiale geleenthede, soos Pinkster en die Kerssangdiens, by julle aanklop vir

eetgoed.

2. Ons gee nou reeds kennis van die Kerkraads(vroue)/lede se vergadering DV Woensdag 16 Februarie om 14:30 in die kerksaal. Daar moet asb ten minste een verteenwoordiger per wyk teenwoordig wees, indien moontlik beide ouderling- en diakensvrou. Indien een van daardie twee nie kan kom nie, moet 'n ander verteenwoordiger uit die wyk asb die vergadering bywoon. Dit is die enigste inligtingsvergadering van hierdie jaar, so kom asseblief om te hoor hoe jy diensbaar kan wees in die gemeente van die Here. Daar sal iets te eet en te drink wees. Dit sal teen 15:30 (op die laatste 16:00) klaar wees.

Baie dankie!

Liefde, Elmien Thom en die Bestuur

Leraar:

Kantoor:

Orrelis:

Koster:

Webwerf

Kantoorure

Bankrekening

Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za

Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com

Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za

Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com

www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)

Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

ABSA Tjekrekening 2610580001

**BYNES
ROMMELVERKOPING!!**

**STAAAN DIT IN JOU PAD,
OF HANG DIT IN JOU KAS?
OF IS JY NET LUS OM BIETJIE
HUIS SKOON TE MAAK?!**

Stuur dit Bynes toe!!
Skoene, klere, speelgoed,
huisware, gereedskap, linne.....

Ons sal graag al jou oortollige goed
oorneem om te verkoop
as deel van ons
ROMMELVERKOPING
om DRINGEND fondse
vir die Kleuterskool in te samel!

Kontak Carina: +27 82 545 6963

Grasland
S.A. (Pty) Ltd